Ouderdom: **Vs-Gr3**
Tema: **Die Evangelie met sjokolade**
Teks: **Rom 3:23, Joh 3:16, Joh1:12**

MOONTLIKE INLEIDING:

Wie van julle hou van sjokolade? Wat is jou gunsteling sjokolade? (Gee vir die kinders geleentheid om hulle gunsteling sjokolades op te noem). Hoekom hou ons van sjokolade? - Ja, dit is baie lekker, dit is soek, dit het soms lekker vulsels binnekant, ens. Maar het julle geweet dat sjokolades ons ook meer van Jesus kan leer? Ai maatjies, dit is darem 'n lekker manier om meer van Jesus te leer nè!
Vandag gaan ons nou kyk na 'n klomp verskillende sjokolades met 'n wonderlike boodskap.

AANBIEDING:

Ons storie begin met 'n "**Inside story."** Dis 'n storie wat hier binne in ons aangaan en ongelukkig nie altyd so mooi is nie. In Rom. 3:23 staan daar: "Almal het gesondig en is ver van God af." My en jou lewe is vol sonde. Sonde is al die verkeerde dinge wat ons sê, doen en selfs net dink. Sonde maak jou selfsugtig en ongelukkig en bring skeiding tussen jou en God. Elkeen van ons loop maar met 'n sonde storie hier binne in ons hart, wat net ons en God ken. Die storie maak vir ons en God baie seer.

Die "**Top Deck" is** wit bo en bruin onder. Hierdie sjokolade vertel van my buitenste laag – dit wat mense kan sien, en wat hulle weet, maar hulle weet nie wat hier binne-in my aangaan nie – hulle kan nie my sonde raaksien soos God dit sien nie. Hulle sien dat ek kerk toe gaan, Sondagskool toe gaan, dat ek Bybel lees, maar kan ek iets vir God wegsteek? Nee, ons kan mos niks vir Hom wegsteek nie, en soos ou Jona kan ons ook nie vir Hom weghardloop nie. God wil hê date k vir Hom van my sondes moet kom vertel. Ek moet kom oopbreek – kom "**crunch" voor** Hom, ek moet kom jammer sê. Dit is wanneer ons sê dat ons ons sondes voor Hom bely.

Hy is so lief vir jou, dat Hy wil hê jy Sy kind moet wees. Daarom maak Hy 'n plan. Daar is net een oplossing. **"Bar One" -** Jesus is die oplossing!! Jesus stuur Sy enigste Seun om vir jou en my sonde aan 'n kruis te kom sterf. (Joh. 3:16)

As jy vir Jesus kies as jy glo dat Hy ook vir jou aan die kruis gesterf het, as jy jou sondes bely, dan gee Hy jou 'n "**New Look."** Dan word jy nut jy word God se kind. (Joh. 1:12)

As jy God se kind is, moet jy lewe soos Good se kind. Dan mag jy nie "**Swing" tussen** God en die wêreld se sondes en versoekinge nie. (Praat oor taalgebruik, TV-programme, grappe ens.)

Ons almal lewe teen 'n vreeslike vinnige **"Tempo."** Die skool, sport, musiek, ens. En sommer gou-gou he tons geen tyd om met God te spandeer nie. Onthou, hoe meer tyd ek saam met iemand deurbring, hoe beter leer ek hom ken en hoe liewer raak ek vir daardie persoon. Dit werk met God net so, en daarom mage k nooit my afskeep tydjies vir Hom gee nie. Die **"Take two"** wil vir jou herinner aan twee baie belangrike dinge in jou lewe, nl. Bybel lees en gebed, en om te getuig (vertel). As jy dit doen, gee God vir jou 'n "**New Look".**

As dit waar is, belowe God jou 'n "**Feast!"** - 'n fees van oorwinning. 'n Lewe van oorwinning oor die sonde en 'n lewe vol vreugde saam met Hom.
As jy nog nie God se kind is nie, omdat jy nog nie vir Jesus gekies het nie, dan daag ek jou uit om dit vandag te doen. Doen dit nou, **"NOW!"** God is so lief vir jou, Hy wil so graag hê dat jy Sy kind moet wees. God belowe vir jou die ewige, volmaakte lewe in die Hemel - **"777"** (Verduidelik 7 as die teken van volmaaktheid).

AFSLUITING:
Maak al die sjokolades oop, eet dit saam op en praat weer oor die boodskap daarvan.